**Die toorn van God oor die heidene**

**Romeine 1:18-32**

**6 September 2026**

1. Vantevore: Paulus skaam hom nie vir die evangelie nie, want: Die evangelie kom van God, is die krag van God, wat lei tot volkome verlossing, vir elkeen wat glo, ongeag of hy ‘n Jood of ‘n Griek is, en hierdeur verkry gelowiges deel aan God se geregtigheid sonder enige verdienste.
2. Paulus begin sy beredenering oor die evangelie deur te verwys na God se toorn (v18)
3. God is toornig oor mense wat volhard in goddeloosheid en ongeregtigheid (v18)
4. Rom 1:18-3:20 handel oor die ongeregtigheid van mense: Rom 1:18-32 fokus op die ongeregtigheid van die heidene, en Rom 2 fokus op ongeregtigheid onder die Jode
5. Wat van God geweet kan word, is aan alle mense bekend (Rom 1:18-20)
    i. God openbaar Hom aan alle mense deur die skepping – selfs heidense ongelowiges (v19). God openbaar Hom ook aan gelowiges deur Sy Woord
    ii. God openbaar Hom deur Sy onsigbare eienskappe in Sy werke sigbaar te maak (v20)
        - Ewige krag: Die bestaan en voortbestaan van die skepping getuig hiervan
            - Vir lank wou wetenskaplikes nie erken heelal het ‘n begin gehad nie – nou erken hulle, al kan hulle skeppingsmoment nie verduidelik nie
            - Richard Dawkins erken hy wil "‘n Skepper" aanbid. John Lennox Delivers One of the Greatest Comebacks in Debate History
        - God se goddelikheid / Goddelike natuur: Alle mense erken daar is reg en verkeerd. Alle mense streef na ‘n vorm van geregtigheid – ‘n oorblyfsel van God se beeld
    iii. Dus kan niemand homself verontskuldig as hy nie glo nie (v20)
6. Die goddeloosheid en ongeregtigheid van heidene (Rom 1:21-23)
    i. Die waarheid wat ongelowiges onderdruk is dat hulle God nie wil erken/eer/dank nie (v21)
        - Vergelyk Adam en Eva – onderdruk kennis en geregtigheid van God
    ii. Gevolglik is hulle denke sinloos en onverstandige harte duister (v21)
        - Bv.: Dawkins redeneer die wetenskap sal nog bewys die heelal het uit niks ontstaan
    iii. Hierdie ongelowiges is dwaas (al is hulle intellektueel slim) (v22)
    iv. Verruil God vir ‘n afbeelding. Bv.: menslike rolmodel, finansiële voorspoed, eie intellek en insig
7. God se toorn oor die heidene (Rom 1:24-32)
    i. God se toorn word geopenbaar deurdat hy die ongelowiges oorgee (v24, 26, 28)
        - God gee hulle deur hulle begeertes oor aan onreinheid (v24-26)
            - Bv.: Hulle begeer homoseksuele verhoudings – bots met God se plan met seksuele verhoudings – maar God gee hulle oor hieraan
        - God gee hulle oor aan verwerplike denkwyses en gevolglik onbetaamlike optredes
            - Bv.: Lys van ongeregtighede (v29-31)
8. Samevatting
    i. Nie alle verkeerde begeertes/optredes is teken dat God iemand oorgegee het nie – is wel ‘n teken as iemand volhou om waarheid te onderdruk